## COVID-19 PANDEMIE: INPERKING VLAK 2



Die President het op Saterdag, 15 Augustus 2020 die nasionale inperking vlak verlaag na vlak 2 toe. Dit beteken dat meer van ons sektore terugkeer na hul werk en dit sal 'n positiewe uitwerking op ons ekonomie hê. Ek verwelkom die President se aankondiging.

Onthou egter dat u steeds verplig is om die COVID-19 regulasies na te kom deur altyd u masker te dra wanneer u u huis verlaat, sosiale afstand te handhaaf en om by die aandklok reëls te hou van 22:00 tot 04:00.

Kwartaal 3 het op 17 Augustus 2020 vir sekere grade begin en baie van ons leerders is weer terug op skool. Sommige leerders gaan elke dag skool toe en anders wissel tussen skoolgaan en by die huis hul skoolwerk doen. Ons wens al die skoolhoofde, opvoeders en alle personeellede in onderwys alles van die beste toe met hierdie kwartaal en ons opregte waardering vir diegene wie die leerders ondersteun en bystaan. Ons hou al die ouers en leerders in ons gebede. Ons wens alle matrikulante sterkte toe met hul komende finale eksamen en onthou die aanhaling: *'n Belegging in kennis betaal altyd die beste rente.*

Ondanks COVID-19 lewer ons noodsaaklike werkers, opvoeders, plaaslike ondernemings, landbousektor, NRO's en vrywilligers steeds gewaardeerde dienste, ondersteun mekaar en sorg vir mekaar. Hiervoor dra ek as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit my opregte waardering aan u oor, vir u toewyding en vasberadenheid. Saam kan ons enige hindernis oorkom.

Ek wil weereens die belangrikheid van 'n onpartydige houding teenoor lede van die gemeenskap wat positief toets vir COVID-19 beklemtoon. Ons moet bemoedigend, ondersteunend en positief wees en die negatiewe stigma uitwis.

***Onthou die 5 goue higiëne reëls:***
1. Was u hande gereeld met seep onder lopende water vir ten minste 20 sekondes;
2. Moenie u gesig met ongewaste hande aan raak nie;
3. Hoes of nies in 'n sneesdoekie of in die buig van u elmboog. Gooi die sneesdoekie dadelik veilig weg;
4. Bly op 'n afstand van minstens 2 meter van ander mense af; en
5. Bly by u huis wanneer u kan.

Laat ons aanhou om saam te werk tot voordeel van ons gemeenskappe.

Die uwe in die geloof,
***Uitvoerende Burgemeester Raadsheer Ray van Rooy***

## MUNISIPALE KENNISGEWING: VERKEERSDIENSTE

Neem asseblief kennis dat die Verkeerskantoor in Piketberg die laaste Saterdag van elke maand oop is vir die lewering van lisensiëringsdienste (nie-padwaardigheid nie). Die kantore sal op die volgende Saterdae (van 08:00 tot 12:00) oop wees: 26 September 2020; 31 Oktober 2020; en 28 November 2020. Almal is welkom.

Vir meer inligting skakel die Piketberg Verkeerskantoor by 022 913 2373; 022 913 2399 of 022 913 2499. Ons dien met trots in Bergrivier!

## VIRTUELE FIETSRY UITDAGING 2020

Die vyfde jaarlikse "Piketberg Elevation Challenge" wat deur *The Sports Trust* aangebied word, moes weens die COVID-19 pandemie herbesin word, en daarom is die organiseerders opgewonde om hul eerste *Sports Trust* Virtuele Fietsry Uitdaging 2020 aan te kondig wat op Sondag 11 Oktober 2020 plaasvind.

Dit is u kans om 'n *Sports Trust* held te wees en fondse in te samel vir ons gemeenskappe, met die eerste begunstigde gemeenskap wat Piketberg is.

"*Die jaar 2020 was tot dusver een van die uitdagendste jare vir ons almal. Waar u ookal in die wêreld is, is u op een of ander manier geraak deur die COVID-19 pandemie en moes u u daaglikse roetine aanpas. Ons moes almal meer kreatief en innoverend raak in die manier waarop ons dinge doen. Daarom verwelkom ons die Sports Trust se nuwe virtuele formaat van die Fietsry Uitdaging. Ons wil al ons plaaslike fietsry-entoesiaste aanmoedig om hierdie uitdaging aan te pak en dit veilig te doen deur te hou by al die COVID-19 regulasies wat met hierdie sportsoort verband hou. Dit is nie net 'n wedloop teen die klok nie, maar 'n fietsuitdaging vir ons gemeenskap. Wees 'n held en maak 'n verskil! Ons vertrou dat alle deelnemers die ervaring sal geniet. Ons is baie dankbaar dat ons deel kan wees van hierdie opwindende gebeurtenis,*" het Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van die Bergrivier Munisipaliteit, gesê.

U kan op www.quicket.co.za inskryf teen R50 per fietsryer. Die fondse sal teruggeploeg word in die gemeenskap en die dorp se broodnodige volhoubare voedseltuine, opvoedkundige ondersteuning vir die jeug en mentorskap-programme bied.

Die *Sports Trust* sal ook die ontwikkelingsfietsryers kan help met 'n fietsrywa, fiets-bykomstighede en hulle hoop om 'n fietspark op te rig vir almal om te geniet.

U word aangemoedig om u foto's en *videos* op te laai op u Facebook en Instagram platforms met die *hashtags* #STVirtualCycle #Piketberg7320, sodat die *Sports Trust* met u kan skakel.

Vir meer inligting skakel Carol Crawford (*Sports Trust*) by 082 802 2899.




# BERGRIVIER BULLETIN



**Official newsletter of Bergrivier Municipality**

**WE SERVE WITH PRIDE** **SEPTEMBER 2020**



## R2,6M ACTIVE BOX IN PIKETBERG COMPLETED

"*This building is a beacon of hope for all who live in Piketberg*".

So says Alderman Ray van Rooy, Executive Mayor of Bergrivier Municipality, as the final touches are being made to the much anticipated Active Box. The building is situated at the T-junction of Sarel Cilliers Street and Calendula Street in Piketberg.

The R2,6 million project, which forms part of the Regional Socio-Economic Programme (RSEP), is a three level multi-purpose building. The main function of the Active Box will be to host role players involved in community safety.

"*The aim is to bring communities together by means of infrastructure development and to establish a safe and friendly environment where service delivery is the ultimate priority*," said Van Rooy.

The Active Box will be an operational centre for the local Law Enforcement and the Neighbourhood Watch. We encourage the public to, when needed, make use of the facility.

A total of 17 temporary jobs were created through the construction of this project.

"*This new facility won't only contribute to safe and sustainable neighbourhoods, but will also facilitate the enhancement of social cohesion, citizenship and community pride. I'd like to appeal to the communities to take ownership of the Active Box and be proud of it*," concluded Van Rooy.

## *R16 MILJOEN OPGRADERINGS IN BERGRIVIER — AMPER KLAAR*

*"Dienslewering is ons top prioriteit. Elke dag is 'n geleentheid vir ons om die lewensgehalte van ons inwoners te verbeter".*

So sê Rdl. Mario Wessels, Uitvoerende Burgemeesterskomiteelid van Bergrivier Munisipaliteit. Wessels is opgewonde oor die opgradering van verskillende grondpaaie en die stormwaterstelsel en sê "die geplaveide paaie gaan baie meer gerieflik wees vir beide ons motoriste en voetgangers". Dit lyk ook baie mooier — Redaksie ☺.

'n Bedrag van R16 000 000 word gespandeer in verskillende dorpe in die Bergrivier Munisipale Gebied wat die opgradering van ons paaie en stormwaterstelsel insluit.

Dié projek vorm deel van die *Municipal Infrastructure Grant* (MIG) program en word ook hieruit befonds. Piketberg, Eendekuil, Redelinghuys en Aurora sal baat vind by hierdie projek, na die voltooiing van die opgraderings.



Die nuwe geplaveide paaie sal die groot hoeveelheid stof wat gewoonlik deur die grondpad veroorsaak word beheer sodat dit nie meer 'n oorlas vir inwoners in die betrokke gebiede is nie. Na voltooiing sal hierdie projek meer as 50 tydelike werksgeleenthede geskep het.

Hierdie projek sal voor die einde van September 2020 voltooi wees. Ons dien met trots in Bergrivier!

**Sonneblomsingel, Aurora**



## ANTI-FRAUD & CORRUPTION

Members of the public are encouraged to report any fraud and/or corruption allegations to either the Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, on 083 657 9615, the Municipal Manager, Adv. Hanlie Linde on 022 913 6011 or the Internal Auditor, Jurene Erasmus at 022 913 6002 or via e-mail: frankj@bergmun.org.za

Disclosures can also be made using the contact details below:
**Toll-free Telephone Number**: 0860 004 009
**E-mail address:** westcoast@behonest.co.za

## NUWE BRANDWEER VOERTUIE VIR DRIE DORPE

Bergrivier Munisipaliteit het gedurende die 2019-2020 finansiële jaar befondsing ontvang vanaf die Provinsiale Regering om drie nuwe 4x4 bakkies aan te koop.

Die behoefte om 'n effektiewe brandweerdiens te lewer in Eendekuil, Redelinghuys en Aurora kom 'n geruime tyd aan. Voorheen moes rampbestuurpersoneel met 'n trekker en sleepwa haas na brand insidente wat die Munisipaliteit se reaksie tyd beïnvloed het.

Die nuwe voertuie is toegerus met drie (3) *skid units* met 'n waterkapasiteit van 400 liter. Hiermee kan personeel dus nou vinniger by insidente uitkom, 'n veiliger omgewing handhaaf en algeheel 'n beter diens lewer. Ons het 'n passie om u te help!




**Skakel Bergrivier Munisipaliteit vir die volgende insidente:**

- Alle struktuurbrande (huise en geboue) binne dorpsgrense; en
- Ongelukke binne die munisipale gebied asook op die N7, R44 en R27 (slegs die gedeeltes wat binne die munisipale grense van Bergrivier Munisipaliteit val).

| DORP | BRANDWEER & RAMPBESTUUR |
|---|---|
| Piketberg en Redelinghuys | 079 349 8619 |
| Porterville en Eendekuil | 076 695 7454 |
| Velddrif (Dwarskersbos, Laaiplek ingesluit) en Aurora | 076 694 8683 |



## MUNICIPAL LIBRARIES OFFICIALLY OPEN:

All Municipal libraries in the Bergrivier Municipal Area re-opened its doors to the public in August 2020, after being in lockdown since 27 March 2020. Libraries have received the green light after the Government Gazette No.43584 (Vol.662) dated 06 August 2020 was published, which permits libraries to open.

Please take note that a limited service will be offered for your safety: Visits limited to 15 minutes per customer; a limited amount of customers may enter at a time; no in-house studying or reading of any; shortened trading hours; and a waiting period for computer/ internet access.

For more information regarding trading hours contact, Gerna Croeser, Head: Libraries, Arts and Culture, at 022 913 6093.

## VERKOOPSPUNTE VIR VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEIT IN BERGRIVIER / SALE POINTS FOR PREPAID ELECTRICITY IN BERGRIVIER

| | |
|---|---|
| **VELDDRIF/LAAIPLEK** | |
| MJ'S | 7 DE VILLERS STREET, LAAIPLEK |
| VEGAS CAFÉ | SHELL GARAGE, JAMESON STREET |
| USAVE | JAMESON STREET |
| CHECK IN | 24 JAMESON STREET |
| OK FOODS | 119 VOORTREKKER STREET |
| **NOORDHOEK** | |
| YMBMC SHOP | 1 CRYSTAL STREET, NOORDHOEK |
| SALASI SHOP | 10 IXIA STREET, NOORDHOEK |
| 5 STAR SHOP | 57 HEIDE STREET, NOORDHOEK |
| GLORY SHOP | 20 SPIREA STREET, NOORDHOEK |
| **PIKETBERG** | |
| TOTAL GARAGE | Cnr N7 & R44, Piketberg, 7320 |
| RANGERS | 40 WATSONIA STREET |
| ZANZIBAR | 5 CALENDULA STREET |
| PIKETBERG BAZAAR | 39 LOOP STREET |
| STAR BAR | 2 CALENDULA STREET |
| SWEET MANIA | 45 KERK STREET |
| LUCKY SHOP | 30 GOUSBLOM STREET |
| EROMO SUPERSTORE | 22 MAGNOLIA STREET |
| SUPERCASH STORE | 50 LANG STREET |
| MC GALAS TUCK SHOP | 69 HEIDE CRESCENT |
| CALTEX GARAGE | 20 LONG STREET |
| MOUNTAIN VIEW CAFÉ | 63 PETUNIA STREET |
| VIDIDYA SHOP | 7 LAVENDER STREET |
| SHOPRITE | 81 LONG STREET |
| **PORTERVILLE** | |
| USAVE | 10 VOORTREKKER STREET |
| OK FOODS | 15 VOORTREKKER STREET |
| PORTERVILLE CAFÉ | 26 DJ PEARCE AVENUE |
| GOEDKOOP WINKEL | 30 DJ PEARCE AVENUE |
| **AURORA** | |
| DISCOUNT SHOP | 10 HOF STREET, AURORA |
| HANDELSHUIS AURORA | 08 CHURCH STREET, AURORA |
| **DWARSKERSBOS** | |
| DWARSKERSBOS MINIMARK | 3 MAIN ROAD |
| **EENDEKUIL** | |
| MINIMARK EENDEKUIL | 105 MAIN ROAD |
| **REDELINGHUYS** | |
| REDELINGHUYS HANDELSHUIS | 1 OLOFBERGH ROAD |
| SANDVELD OASE | 451 VOORTREKKER ROAD |
| **GENERAL** | |
| CHECKERS | ANY SHOP IN SOUTH AFRICA |
| PICK & PAY | ANY SHOP IN SOUTH AFRICA |
| BOXER | ANY SHOP IN SOUTH AFRICA |
| PICK & PAY EXPRESS | ANY SHOP IN SOUTH AFRICA |
| SHOPRITE GROUP | ANY SHOP IN SOUTH AFRICA |
| **ONLINE OPTIONS** | |

Visit www.wireit.co.za to register for online prepaid electricity purchases.